Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 5 Maart 1952. Prys 3d. Nr. 14.

# STERK REPUBLIKEINSE BEWEGING NOODSAAKLIK

## *Prof. Van Rooy se Uitnodiging*

**In 'n boodskap aan die Ossewabrandwag, verklaar prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad dat die noodsaaklikheid van en die behoefte aan 'n sterk republikeinse beweging waaraan alle republikeine kan behoort, ongeag of hulle lede is van 'n politieke party of nie, daagliks groter word. Sy boodskap lui: Die tyd is verby dat die Afrikaner tevrede gestel kan word met 'n republikeinse klousule of artikel in 'n partyprogram. Ons ervaring is dat dit daar in 'n praalgraf verkeer en slegs te voorskyn gehaal word wanneer 'n verkiesing aanstaande is. Ook hoor ons meer van die republiek as die Nasionale Party in die opposisie verkeer dan wanneer dieselfde party aan die bewind is. 'n Nasionale opposisie en sy pers negeer 'n koninklike besoek aan ons land; 'n Nasionale regering nooi die Koning uit. 'n Republikeinse opposisie verander oornag in 'n koningsgesinde regering. Dit alles onderwyl die republikeinse klousule rustig op hul program bly staan.**

**Dit is duidelik dat geen regering, hoe nasionaal dan ook, ons 'n stap nader aan die republiek gaan bring nie. Daar is blykbaar te veel angels in die pad of ons owerheid voel te „aardig" om in Statebondskringe van 'n republiek te gewaag.**

**REPUBLIKEINE BYMEKAAR**

Wie moet dan die leiding neem? Partylede wat dit binne die party sou wil doen, loop gevaar om van groepvorming betig te word. Maar partylede sou tog seker aan 'n organisasie kan behoort wat hom uitsluitlik aan die bevordering van ons republikeinse ideaal gaan wy. Dit word enige lid van die N.P. tog immers toegelaat om hom vir 'n republiek te beywer, nie waar nie? Vir sulke partylede is daar dus alle kans om hulle met mederepublikeine buite die party op hierdie grondslag en met hierdie



PROF. D. J. VAN ROOY

doel te verenig.

Regeringspersone en partyleiers verseker ons dat die koms van 'n republiek 'n saak van die „breë volkswil" is. Hoe moet ons egter agterkom of en wanneer die volkswil daarvoor die regte breedte verwerf het? Gaan die regering 'n referandum hou? En as die volkswil nog nie breed genoeg geag word nie, moet ons dit daarby laat en maar toesien dat dit altyd smaller word?

**GROOT GEVAAR**

**Dit is die groot gevaar. Sonder 'n doelbewuste, goedgeorganiseerde, voortdurende aksie ter bevordering van ons republikeinse ideaal wag ons tevergeefs op die dag dat 'n breë volkswil sy goedkeuring daaraan heg. Moet ons stilbly en stilsit terwyl die vyand alle kragte inspan om die bande met Engeland en sy Ryk te verewig? As hy dit sover kan bring dat nasionale voormanne so opgewonde raak oor 'n moontlike koninklike besoek, so diepbewoë oor 'n koninklike afsterwe en eersdaags stellig so kinderlik opgetoë oor 'n koninklike kroningsfees, wat moet van die res van ons word?**

Hoor ons kinders nog iets van 'n republiek? Mag ons onderwysers op skool die republikeinse ideaal aankweek en bevorder? En die Voortrekkervereniging? Of sou dit, soos onder die vorige regering, „politiek" wees?

**AFRIKAANSE STUDENTE**

Ons Afrikaanse student — hy was in die verlede altyd die basuinblaser — is doodstil. Vir hom is blykbaar alle Afrikanerideale ten volle verwesenlik. Hoogstens behoort hy aan die jeugbeweging van die N.P. en doen hy handlangerdienste by 'n verkiesing. So was dit vroeër nie. O ja, die studente het altyd die nasionale lede gesteun en by 'n verkiesing alle hulp verleen. Maar hulle het nooit geskroom om teen wie dan ook hul stem te verhef nie as hulle meen dat 'n kronkelpaadjie ingeslaan word. Vandag wandel ons studerende jeug rustig op die kronkelpaadjie voort, in die salige vertroue dat die leiers pylreguit koers hou.

**GETUIG**

**En dit is hierdie jongmense wat in die toekoms die volkswil breed genoeg moet gaan maak**

(Vervolg op bladsy 6 kolom 3)

# *ORALS WERF HULLE*

**Die O.B. het verlede week elf nuwe lesers bygekry. Hulle het gekom uit alle dele van die land, wat waarskynlik bewys dat ons lesers oral ywerig besig is om nuwe intekenare te werf.**

Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stofberg het een nuwe intekenaar vir 'n jaar besorg; uit Pretoria het 'n nuwe leser vir ses maande gekom en uit Kaapstad ook een vir ses maande. Mev. J. Theron van Koffiefontein het vier nuwe lesers vir een maand aangemeld. Mnr. J. H. Gouws van Groblershoop het een nuwe intekenaar vir 'n jaar gestuur; en mnr. George van der Smit van Outjo, Suidwes, het drie nuwe intekenare vir een jaar elk gestuur.

Ons hartlike dank aan hierdie lesers vir hulle bystand om die republikeinse boodskap van die O.B. te versprei. Meer en meer Afrikaners moet hierdie boodskap hoor. **Die O.B.** lewer die boodskap af. **Sorg** dat u die blad stuur oralheen waar die boodskap nog nie bekend is nie. Baie dankie.

# VRYHEID MOET BUITE PARTYE GESOEK WORD

## *O.B-Leier oor die Republiek deur die Volkswil*

**Verlede Saterdagaand het die kommando's van die Kaapse Skiereiland Vryheidsfees gevier op die plaas Loevenstein, naby Bellville. Meer as vierhonderd O.B.-lede het vergader om hul houtstompies op die vuurstapel te werp — waardeur hulle opnuut hul gehegtheid aan hul enigste aardse trou — die republiek van Suid-Afrika — bevestig het.**

**Mnr. J. A. Smith, die waarnemende leier van die Ossewabrandwag, het in 'n groot toespraak 'n beroep gedoen op alle Afrikaners wat waaragtig en in alle opregtheid wil veg vir die republiek en wat hulle wil beywer vir 'n nuwe gesonde maatskaplike, ekonomiese en politieke orde gegrond op reg, fatsoenlikheid en eerlikheid in die politieke en openbare lewe om mee te help tot die verwesenliking van die ideaal van 'n Christelik-nasionale republiek deur die Ossewabrandwag te help hou aan die breëre volkseenheid wat daardie republiek moet bring.**

**Mnr. De Villiers Truter, generaal-in-bevel, het mnr. Smith welkom geheet in sy nuwe hoedanigheid as waarnemende leier van die Ossewabrandwag. Hy het gesê dat O.B.-lede hom vertrou en sy leiding sal volg. Hy het hom die seën en die krag van die Allerhoogste toegewens. Mnr. Smith het soos volg gepraat:**

Dit is oomblikke soos hierdie wat ons diep onder die indruk bring van die lot van ons eens vry en onafhanklike volk en daarom te meer van die plig en taak wat op ons skouers geplaas is. Ons word vanaand weer teruggevoer na die heldhaftige stryd vir die behoud van die republiek 70 jaar gelede wat sy hoogtepunt met die oorwinning op die kruin van Amajuba 27 Februarie 1881 bereik het. Vir ons bly dit 'n les en voorbeeld van onwrikbare geloof, vasberadenheid, moed en besieling.

Maar dit voer ons ook in gedagte terug na tye van nederlaag, teenspoed en wankelende vertroue. Nietemin het Vryheidsdag vir ons wat nie die knie wil buig vir vreemde oormag, vreemde instellings, vreemde goed, stoflik en geestelik nie — ons wat net so vasberade bly as die manne van Amajuba — 'n gedenkdag van toekomsbetekenis geword, 'n toekomsdag wanneer ons ook met die hulp van die Almagtige self oor ons volksbestemming sal beslis.

„Die Ossewabrandwag" . . . (ek haal aan wat een van ons geliefde leiers en medestryder, dr. Van Zyl twaalf jaar gelede gesê het) . . . „die Ossewabrandwag wat die vrug is van die volk se diepe toegewyde aanraking met die volksverlede het so geword die draer van die volk se lewensbeskouing en juis daarom die uitdrukking van die volk se rigting en toekoms" . . Dit is baie waar, bly altyd waar.

**REGTE KOERS**

Daarom sê ek dit is ons grootste plig vandag om, met die oog ook op die wêreldtoestande en gevare wat op elke gebied van ons volksbestaan dreig, die stoflike en geestelike ontwrigtings met die daaruit voortvloeiende gevare vir ons volk se ondergang, die volk op die enigste regte koers terwille van sy eie selfbehoud te wys.

**Soos vir enige ander volk is daar vir ons volk ook net die een koers, dié van algehele staatkundige vryheid, ons verheffing van 'n onderdaanstaat tot 'n republikeinse volkstaat, los van Empaaier-krone en -trone, bokant enige vorm van vermomde diktatuur.**

**En in die nakoming van daardie taak — ons koersaanwysing, soek ons nie soos ons al beduie en verwyt is vyandskap met mede-republikeine en Nasionaliste nie, maar eerbare manlike samewerking vir die bereiking van ons aller bestemming.**

**VEROORDEEL**

**Daarenteen egter verklaar ons onsself vyand van alles wat in stryd is of mag kom met die gees en grondslag van ons volksverlede, sy tradisie en ideale. Daarby is ons geroepe om te veroordeel en te bekamp alle dade en rigtings, politiek of andersins, wat mag indruis teen die prinsipiële lewensbeskouings op watter terrein ook van die volkslewe.**

Niks is egter meer onwaar as die suggestie of bewering dat die wil en strewe van die O.B. om as beweging vry, onafhanklik en selfstandig buite die onderlinge partytwiste en bedrywighede te bly bestaan, vyandigheid teenoor ander republikeinsgesinde nasionaliste sou wees.

**Ons wil ons mede-republikeinse nasionaliste nie vyandig wees nie, maar ek moet beklemtoon die Ossewabrandwag moet en sal 'n verkeerde koers, beleid, daad of stap, strewe of versuim van wie ook binne enige volksorganisasie, hetsy die Nasionale Party of binne die Ossewabrandwag self ten sterkste afkeur en bestry. Dit is ons plig.**

**TELEURSTELLEND**

Daar het reeds op verskillende terreine en veral op politieke gebied dinge in die laaste tyd gebeur waarteen ons beswaar moes maak; en daardeur is die koers waarin die Ossewabrandwag hom beweeg meer benadruk.

**Teleurstellend vir ons is die onvaste en oënskynlik wankelende rigting, die onsekerheid en skynbare afvalligheid wat by die volk geskep word deur die teenstrydige optrede van politieke leiers veral in verband met die republiek. Dit laat nou meer as tevore onsekerheid ontstaan hoever ons in die O.B. en hulle in die Nasionale Party werklik van mekaar ideologies verwyder staan.**

Hulle wat tien jaar gelede saam met ons die stigting van 'n Christelike Nasionale Republiek bepleit het, openbaar vandag 'n koers wat nie met die republikeinse strewe ooreenkom nie. Die volk begin nie alleen twyfel aan hul rigting nie, maar word selfs daardeur afvallig van die republikeinse rigting. Hulle beskou dit dat die saak net vir geleentheidsdoeleindes af en toe aangeraak word.

**DIE TOETS**

**Ten einde nou hul bedoeling terwille van goeie samewerking en grotere volkseenheid te toets, indien hul gedragslyn hul bedoeling in verkeerde lig stel, stel ek nou namens die Ossewabrandwag voor dat die Eerste Minister dieselfde voorstel in die Volksraad doen wat hy**

(Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

DIE O.B., WOENSDAG, 5 MAART 1952

# O.B. IS NODIG

In hierdie uitgawe van ons blad verskyn daar 'n toespraak van die waarnemende leier van die Ossewabrandwag sowel as 'n boodskap van die voorsitter van die Grootraad waarin die noodsaaklikheid van 'n sterk republikeinse beweging buitekant die partypolitiek beklemtoon word. En ons meen met reg beklemtoon word.

**Sowel mnr. Smith as prof. Van Rooy het die aandag gevestig op die nasionale politieke party se wegdrywery van die republikanisme af. Trouens, mnr. Smith het sommer reguit gesê dat daar vandag op die parlementêre terrein, waarop die nasionale politieke party veronderstel is om die Afrikanerstryd te voer, hoegenaamd geen stryd meer vir die republiek gevoer word nie. En dit was hoog tyd dat 'n verantwoordelike leier hierdie leemte sou onderstreep want dit is ongelukkig die waarheid.**

## ENIGSTE KAMPVEGTER

Die verloop van politieke sake (of die toegewings aan politieke opportunisme) het dit nou eenmaal bewerkstellig dat die Ossewabrandwag alleen getrou aan die republiek gebly het. Die republikanisme in ons land is so sterk soos die Ossewabrandwag is en waarskynlik is die Ossewabrandwag so sterk soos die republikanisme tans is. Die Ossewabrandwag het in der waarheid geword die enigste draer en kampvegter van die republikanisme — van die partylose soort wat die Boere-tradisie is; en nie van die Empire-soort wat nou so erg in die mode is nie.

**Die Ossewabrandwag moet derhalwe sterk gemaak word om die republikanisme sterk te maak. Dit is 'n waarheid wat nie alleen O.B.-lede nie, maar ook die Afrikaners in die politieke partye — wat nog die republikeinse ideaal bely — moet besef.**

## WAPEN OM REPUBLIEK TE VEROWER

Maar nie alleen is die Ossewabrandwag die skakel wat die republikeinse kontinuïteit tussen vorige Afrikanergeslagte en die huidige geslag verteenwoordig nie; die Ossewabrandwag is ook die wapen waarmee die republiek verower moet word.

Mnr. Smith het 'n noodsaaklike diens gelewer deur laasgenoemde feit nadruklik te verduidelik in sy toespraak. Hy het gesê dat algemeen aanvaar word selfs deur die partyleiers — dat die republiek deur die breë volkswil tot stand gebring moet word; en dat dit ewe algemeen erken word — selfs deur die partyleiers — dat die politieke party nie daardie breë volkswil verteenwoordig nie.

**Trouens die leier van die Nasionale Party het verklaar dat die Nasionale Party nooit die republiek sal uitroep as hy 'n verkiesingsoorwinning behaal nie. Want die republiek moet verkry word deur die volkswil wat hom as gevolg van 'n volkstemming sal openbaar.**

**Dit is die Ossewabrandwag se beleid — dit lê in sy aard — om te strewe na daardie breë volkseenheid, wat nie in 'n politieke party te vind is nie, en wat tog, volgens algemene erkenning, noodsaaklik is vir die verkryging van die republiek.**

Derhalwe is die Ossewabrandwag — wat partyloos is in die sin van volksomvattend te wees — ongetwyfeld die wapen wat die Afrikanervolk moet sterk maak en hanteer indien hy die republiek wil kry.

## TWEE WAARHEDE

Die nasionale politieke party het by monde van sy leiers erken dat die politieke party nie die republiek kan en sal bring nie omdat die party nie in staat is om daardie breë volkseenheid te bewerkstellig wat 'n voorvereiste is vir republiekwording nie.

Die Ossewabrandwag daarenteen, het by monde van sy leiers onomwonde verklaar dat die O.B. juis in die lewe geroep is en dat die Grootraad juis besluit het om stappe te doen vir die daarstelling van daardie breë volkseenheid waaruit die republiek moet mond.

**Sedert 1941 het twee waarhede geleidelik na vore getree, totdat dit vandag vir elkeen duidelik is:**

- **1. Op die parlementêre terrein word daar geen stryd vir die republiek meer gevoer nie; en**
- **2. Die nasionale politieke party wil nie die republiek bring vir die Afrikanervolk nie — die volk moet dit self bring by 'n volkstemming.**

## MAAK STERK DIE OSSEWABRANDWAG

Dit is in die lig van hierdie feite dat die O.B.-leiers se oproep uitgaan oor die noodsaaklikheid van 'n sterk republikeinse beweging. Omdat die nasionale politieke party vir republikeinse doeleindes nutteloos is; daarom moet die volksbeweging, die Ossewabrandwag, wat vir republikeinse doeleindes onontbeerlik is, sterk gemaak word.

**Die taak en die moontlikhede van die Ossewabrandwag lê 'n dure plig op die beweging wat nie deur sy leiers ontduik mag word nie. Dit is die lede van die O.B. se plig en voorreg om toe te sien dat hul leiers die ondersteuning en die middele ontvang om hul plig — die republikeinse plig van die O.B. uit te voer.**

Daarom moet die Ossewabrandwag sterk gemaak word — die organisasie moet opgeknap word, fondse moet ingesamel word, intekenare op die blad moet gewerf word, propaganda moet gemaak word — in kort, daar moet gewerk word.

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Die V.P. sal Verbrokkel*

Een van die hardnekkigste gerugte wat in omloop is in die parlement en in die koerante het betrekking op allerlei voorspellings oor die aard en omvang van 'n politieke herskommeling wat dan onvermydelik sou wees. Die verwagting skyn te wees dat die Verenigde Party gaan verbrokkel; dat die verbrokkeling 'n herskommeling van magte sal inlui, wat 'n heeltemal ander politieke indeling sal bewerkstellig as wat tans bestaan.

Hoewel die gerugte meesal saamstem oor die verwagte verbrokkeling van die Verenigde Party verskil hulle van mekaar wanneer dit kom by die aard van die herskommeling en die nuwe politieke indeling wat op hande sou wees.

Die Burger skryf bv.: „Die parlementêre Verenigde Party toon tekens van inwendige krisis. Sommige politieke waarnemers verwag ernstige verwikkelinge wat nie lank meer bedek gehou sal kan word nie. Die spanning openbaar hom reeds aan die oppervlakte in 'n byna volslae gebrek aan spanwerk en partydissipline in die volksraad.

„Een van die neigings wat aan die werk is, is 'n hernude beweging teen adv. J. G. N. Strauss se leierskap. 'n Groot aantal volksraadslede is byna openlik in hul verwerping van sy gesag."

### *Koalisie met die Colin Steyn-seksie*

Al die koerante wat die Nasionale Party ondersteun skryf in hierdie trant — dit is die party se amptelike propaganda. Die Vaderland gaan egter verder as sy kollegas se bespiegelings oor die verbrokkeling van die Verenigde Party. Die blad beduie ook oor die aard van die herskommeling van politieke magte wat aan die kom is. Hy meen dat daar 'n koalisie bewerkstellig sal word tussen die Nasionale Party en die Colin Steyn-seksie van die Verenigde Party (m.a.w. die anti-Strauss-seksie).

En die blad se politieke medewerkers borduur voort op die tema. Hier volg 'n paar voorbeelde van die soort propaganda wat hierdie regeringsblad maak vir 'n koalisie met dr. Colin Steyn:

„Die Vaderland se berig aangaande dr. Colin Steyn se beweerde planne in verband met 'n verkiesingsooreenkoms met die Nasionale Party het iemand uit die Steyn-kringe my laat meedeel dat as so 'n ooreenkoms gesluit kan word, dr. Steyn waarskynlik tussen vyf-en-twintig en dertig lede van die Verenigde Party sal kry om hom te volg. Van hierdie aantal sal, met die indeling van die kiesafdelings soos vandag, waarskynlik twaalf tot vyftien daarin slaag om, met behulp van die Nasionale Party, hulle kiesafdelings te behou."

### *Colin Steyn se Krag*

By 'n ander geleentheid het die blad se politieke medewerker weer soos volg geskryf:

„Ek het die volgende interessante brief van 'n leser uit Johannesburg ontvang na aanleiding van ons berig oor 'n moontlike verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en dr. Colin Steyn:

„Ek het met belangstelling jou jongste twee artikels gelees en meen dat Suid-Afrika baie sal baat as dit bewerkstellig kan word. Ek meen dat jy sy (dr. Colin se) krag onderskat. Daar is waarskynlik 29 en 30 V.P.-lede wat hom sal volg, van wie 16 of 17 uit Transvaal, 8 of 9 uit Kaapland, 4 uit Natal en 1 uit die Vrystaat. Van hierdie lede sal 17 of 18 na die parlement terugkeer met die veronderstelde Nasionale steun, en die Nasionale Party sal waarskynlik 11 of 12 kiesafdelings van die ander kant verower. Dit is my ferme oortuiging ná 'n baie sorgvuldige ontleding van die posisie."

„Hoewel my vriend versoek dat sy naam nie genoem moet word nie, kan ek hier sê dat hy een van die beste kenners van politieke toestande in die Unie is. My ondervinding is dat hy in die afgelope vyf algemene verkiesings gewoonlik tot op 'n paar kiesafdelings na die uitslae voorspel het."

Waarskynlik verwag die Nasionale Party dat die Verenigde Party uitmekaar sal spat en dat dr. Colin Steyn, met 'n groep ondersteuners, by die Nasionale Party sal aansluit. Dit sal beteken 'n koalisie tussen die Nasionale Party en 'n deel van die Verenigde Party.

### *Toenadering tussen V.P. en N.P.*

Die Randse blad, Forward, wat voorheen die Arbeidersparty ondersteun het en wat onlangs „partyloos" geword het, skryf dat hoewel dit amptelik ontken word, gerugte in die parlementêre wandelgange lui dat sekere V.P.-volksraadslede, heeltemal nie-amptelik, die regeringsparty pols oor die moontlikheid van 'n „nasionale koalisie." Die blad sê dat die moontlikheid van toenadering tussen die regerings- en opposisiepartye ondersoek word. Hy verklaar dat veral in Natal is die gevoel ten gunste daarvan, en wel om die volgende redes: „Die openbare mening in Natal is oor die algemeen nie gekant teen die regering se apartheidsbeleid nie en die Nasionaliste se versekering dat die republikeinse kwessie op die lange baan geskuif is, het vrees in hierdie verband tot bedaring gebring."

### *Opportuniste in die Middel*

Oor die aard van die nuwe politieke indeling wat op sodanige koalisie sal volg, skryf Forward:

„Die algemene verwagting is dat mnr. J. G. Strydom, hoof van die republikeinse groep in die regeringsparty, sal wegbreek met 'n klein aantal volgelinge. Die gematigde Nasionaliste en die regtervleuel van die Verenigde Party sal saamkom as die regeringsparty. Die res van die Verenigde Party sal met die Arbeidersparty en die naturelleverteenwoordigers saamspan om 'n klein liberale party te stig. Sodanige liberale party sal 'n meer realistiese anti-apartheidsbeleid kan volg as wat die Verenigde Party vandag doen."

Ek weet nie wat waar is van die voorspellings en bespiegelings wat ek hier aangehaal het nie. Indien dit sou gebeur sal die politieke verdeling in ons land in ieder geval logies wees: Eenkant, republikeine. Anderkant, liberaliste. En in die middel, Opportuniste.

### *Die S.A. Pond en Sterling*

Verlede week het my leser uit Beaufort-Wes wat homself „Belas My Nie Swaarder Om Engeland Te Red Nie" noem 'n agttal vrae in hierdie kolomme gestel. Hy wil eintlik hê dat die doktore in die ekonomie sy vrae moet beantwoord. Ek hoop hulle sal.

In ieder geval, Die Burger — 'n vername of miskien selfs die vernaamste orgaan van die regeringsparty — het 'n dag voordat my leser se vrae gepubliseer is in sy hoofartikelkolomme 'n hele paar stellings neergelê wat minstens die eerste van my leser se vrae beantwoord. My leser het nl. gevra of dit waar is, soos minister Havenga beweer, dat dit in belang van die Unie is om aan sterling vas te hou en indien dit waar is waarom dit waar is?

Die Burger se stellings — afgesien van die blad se bedoelings daarmee — is 'n redelike breedvoerige verduideliking waarom dit nie in belang van die Unie is om aan sterling vas te hou nie. Ek weet nie of dit die blad se bedoeling was om mnr. Havenga te weerspreek nie; ek noem maar net die argumente wat die blad stel. Die blad het geskryf na aanleiding van mnr. J. W. Mushet (V.P., Vasco), se pleidooi in die parlement dat die koopskrag van die Suid-Afrikaanse pond verhoog moet word; en het aangevoer dat sy verlore koopskrag nie aan die Suid-Afrikaanse pond teruggegee kan word nie, solank die pond aan sterling vasgekoppel is nie.

### *Nadele van die Koppeling aan Sterling*

Hieronder volg Die Burger se stelling:

- „Mnr. Mushet en die V.P. (of wie ookal.—S.) kan nie aan die Suid-Afrikaanse pond 'n groot deel van sy verlore koopskrag teruggee solank ons pond vir 'n Engelse pond uitgeruil word en ons op dié wyse aan sterling vasgekoppel is nie. Want dit is tot groot hoogte sterling se kreeftegang wat die koopkrag van ons pond ondermyn." Indien woorde enige betekenis het, dan het Die Burger gepleit dat die Suid-Afrikaanse pond losgemaak moet word van sterling, want slegs dan sal die Suid-Afrikaanse pond weer sy verlore waarde kan terugwen.
- Die Burger beduie voorts dat al sou die Suid-Afrikaanse volk gewillig wees om groot opofferings te maak ten einde die koopkrag van die Suid-Afrikaanse pond te verhoog, dan sal dit geen voordeel ten aansien van die buitelandse handel inhou nie. Die blad verklaar dat „die pryse van ingevoerde ware, van motors, masjinerie, voedsel en klere nie sal daal" as die koopkrag van die Suid-Afrikaanse pond vermeerder word nie — natuurlik, solank as wat dit aan sterling gekoppel bly. „Want die Suid-Afrikaanse pond staan gelyk aan die Engelse pond, en as die Engelse uitvoerder een Engelse pond vir iets vra, moet ons 'n Suid-Afrikaanse pond in ruil daarvoor oorhandig, al is die koopkrag van ons pond veel groter as die koopkrag van die Engelse pond."

Ek herhaal. As woorde enige betekenis het, dan het Die Burger gepleit dat die Suid-Afrikaanse pond losgemaak

(Vervolg op bladsy 3 kolom 4)

## *Ander Se Menings*

# „Ons is Rooier as die Kern van die Empire”

**Blykens briewe wat in regeringskoerante en in koerante wat die Regering ondersteun verskyn, begin die oortuiging onder Afrikaners posvat „dat die Kabinet soms uit voeling met die Nasionale deel van die volk raak.” Een briefskrywer sê dat die „ideale waarmee die verkiesing gewen is, nou skynbaar op die agtergrond gestoot word om Empire-stemme te vang.” Na aanleiding van „samewerking”-stories skryf 'n ander dat „Nasionaliste seker van die lang gekoesterde ideaal van 'n republiek sal moet afsien omdat dit die enigste groot struikelblok is tussen samewerking of 'n koalisie tussen die Engels- en Afrikaanssprekendes.” Nog 'n ander leser spreek verbasing uit „dat juis 'n Nasionale Party-regering nagelaat het om die titel van die Konstitusionele monarg in ooreenstemming te bring met Suid-Afrika se status as onafhanklike koninkryk.”**

## Wat het van Republikeinse Ideaal geword

**Mnr. S. E. Terblanche, Middelkraal, Steynspruit, vra in Die Volksblad wat van die vryheidsideaal geword het wat eers so baie gepropageer is? Hy skryf:**

„'n Groot deel van die Afrikaners voel sleg dat die Regering 15 Februarie met die oog op die begrafnis van koning George 'n vakansiedag gemaak het. Aangesien Engeland dit nie gedoen het nie, lyk dit of ons rooier as die kern van die Empire self is.

„Ek voel ook nie tevrede dat u dit probeer goed praat met die verklaring dat ons dit kan bekostig en Engeland nie. Wat sou ons gesê het as wyle veldm. Smuts dit gedoen het?

„In sommige kringe word soms gekla dat daar Nasionaliste is wat laks en onverskillig geword het. Na my mening is die rede hiervoor dat die Kabinet soms uit voeling met die Nasionale deel van die volk raak.

**„Toe u en die huidige ministers nog in opposisie was, het u ons in die republikeinse vryheidsideaal opgevoed. Wat het sedert 1948 van die ideaal geword wat so baie gepropageer is?**

### EMPIRE-STEMME

„Ons hoef nie oor die laste van Engeland bekommer te raak nie. Haar Majesteit se regering in die dominiums is altyd daar om te help.

„Ons het in die verlede met vuur geveg vir ideale wat ons vryheid raak, maar sedert daardie ideale skynbaar meer en meer op die agtergrond gestoot word, het ons ook lusteloos begin word.

„Ideale waarmee die verkiesing gewen is, word nou skynbaar op die agtergrond gestoot om Empire-stemme te vang.

„Ek herhaal: Die Volksblad is saam met die Regering uit voeling met die volk en dit kan noodlottige gevolge hê.”

## Is Koalisie aan die kom?

**Mnr. F. D. Coetzee, Weltevrede, Knapdaar skryf soos volg in Die Volksblad om te verneem oor die betekenis van die reeks beroepe in die afgelope tyd om samewerking met die Engelssprekendes omdat „ons nie slapende gevind moet word nie:”**

„Die reeks beroepe wat in die afgelope tyd van Nasionale leiers in verband met samewerking met die Engelssprekendes gekom het, word nou ook op die poskoetsfeeste herhaal. Mnr. J. J. Fouché, Vrystaatse Administrateur, het om samewerking tussen die Engelsen Afrikaanssprekendes gevra. In die wantrouedebat het dr. Malan ook daarna verwys.

**„As ons let op die tekens wat koalisievorming in die verlede vooraf gegaan het, en ons let op die rigting wat nou ingeslaan word, doem die groot vraag op: is daar weer 'n koalisie of nouer samewerking aan die kom?**

### KONINGS-PROPAGANDA

**„Ook in die Engelse pers skyn daar 'n verandering van hart kenbaar te wees. Die giftige propaganda van die verlede maak plek vir meer verdraagsaamheid. Sedert wyle koning George die uitnodiging aanvaar het om in Suid-Afrika te kom aansterk en met sy oorlye was dit moeilik om tussen die Afrikaanse en die Engelse pers te onderskei met betrekking tot die propaganda vir en verheerliking van die Britse vorstehuis. Of dit vir die lesers ewe aangenaam was, val moeilik te betwyfel.**

„Wat beteken die beroepe om nouer samewerking tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes? Is dit 'n reoriëntasie van partye? Is dit 'n uitnodiging om by die Nasionale Party aan te sluit? Is dit alleen bedoel dat in sake waaroor geen meningsverskil bestaan nie, binne en buite die Parlement saamgewerk moet word?

### DROË HOUT

„Ons weet bv. dat die grootste gedeelte van die Verenigde Party oor bv. die kleurvraagstuk net soos die Nasionaliste voel, maar om politieke oorweginge en ter behoud van hul eenheid konsekwent teen die Regering se kleurmaatreëls veg ten einde die liberalistiese element in hul eie geledere tevrede te stel.

„Dit is ook duidelik dat die Trust Fund en Torch Commando van droë hout in die Verenigde Party ontslae wil raak en dat daardie manne moontlik gretig kan word om 'n olyftak na die Nasionaliste uit te steek, wat hulle kan red.

### GUNSTIG VIR ENGELSE

**„Ná al die lojale betuiginge teenoor die Britse vorstehuis van die kant van die Regering, die S.A.U.K. en die Afrikaanse koerant lyk sake vir die Engelssprekendes baie gunstig, maar van die kant van die Nasionaliste sal seker van die langgekoesterde ideaal van 'n republiek afgesien moet word omdat dit die enigste groot struikelblok tussen samewerking of 'n koalisie tussen die Engels- en Afrikaanssprekendes is.**

„Miskien is my ontleding verkeerd. Ek vra maar. Die tyd sal wel leer. Ons moet egter nie slapende gevind word nie.”

## Ontkenning van S.A. se Status

**„Juris” van Johannesburg skryf in Dagbreek om sy verbasing uit te spreek dat juis die Nasionale Regering die Kroonprinses geproklameer het as Elizabeth die Tweede en nie as Elizabeth die Eerste van Suid-Afrika nie. Hy skryf:**

„Een aspek van koningin Elizabeth se bestyging van die Troon, en haar uitroeping tot Koningin deur Suid-Afrika, wil vir my nie duidelik wees nie. Blykbaar sal die Koningin amptelik bekend staan as Elizabeth die Tweede, ook van Suid-Afrika.

### DEELBAARHEID VAN KROON

„Waarom? In die eerste instansie is dit histories nie korrek nie omdat sy die eerste Vorstin met dié naam is wat Koningin van Suid-Afrika word. Maar in die tweede instansie kom dit my voor asof in hierdie oënskynlik nominale betiteling 'n belangrike beginsel opgesluit lê. Ons het jare lank in hierdie land 'n bittere politieke stryd gevoer oor die ‚deelbaarheid' van die Kroon. Tans het die vroeëre teenstanders van 'n ‚deelbare' Kroon die stryd finaal gewonne gegee. Niemand buite 'n kranksinnigegestig betoog nou meer dat die Koningin van Suid-Afrika of van Kanada gebonde is deur wat die Engelse regering die Koningin van Engeland adviseer nie. Hiermee is ook die nominale praktyk nou in ooreenstemming gebring deurdat die regerings van haar afsonderlike Koninkryke die Koningin afsonderlik as sulks uitgeroep het.

### UITLEG

**„Maar dan is die titel ‚Elizabeth II' in ons geval mos weer 'n ontkenning van daardie posisie en praktyk, of hoe? Sy kan Elizabeth die Tweede van Suid-Afrika net om één denkbare rede wees, en wel omdat sy Elizabeth II van Engeland is. En as dit so is, dan veronderstel die titel 'n ongedeelde Kroon, nie waar nie?**

„Ek sou graag van amptelike sy 'n uitleg hoor, want volgens my insigte verbaas dit my dat juis 'n Nasionale Partyregering nagelaat het om die titel van die Konstitusionele Monarg in ooreenstemming te bring met Suid-Afrika se status as onafhanklike Koninkryk.”

# Van die Os op die Esel

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

moet word van sterling, want slegs dan sal ons op die Britse mark die volle waarde vir ons pond kan kry.

● Die Burger verklaar dat dieselfde vir die dollarmark geld. „Die waarde van ons pond,” sê die blad, „word op die buitelandse geldmark nie in terme van sy koopkrag gemeet nie.” Heeltemal reg, want solank die Suid-Afrikaanse pond aan sterling gekoppel is, is hy gelyk aan die Engelse pond, en word die waarde van die Suid-Afrikaanse pond op die buitelandse geldmark gemeet in terme van die koopkrag van die Engelse pond.

### *Onregstreekse Veroordeling van Havenga*

Dit is ongetwyfeld duidelik dat Die Burger hoegenaamd nie gretig is dat die Suid-Afrikaanse pond aan sterling gekoppel moet bly nie. Dit blyk dat my leser uit Beaufort-Wes en Die Burger nogal eners dink oor hierdie saak.

Trouens die blad se uiteensetting van die nadele verbonde aan die vaskoppeling van die Suid-Afrikaanse pond aan sterling is 'n onregstreekse veroordeling, sowel van mnr. Havenga se beleid dat sodanige koppeling aan sterling in Suid-Afrika se belang is as van sy beleid om Suid - Afrikaanse „offerhulp” aan Brittanje te verleen ten einde die Britte en hul pond sterling van bankrotskap te red.

Ek is dankbaar, selfs vir hierdie onregstreekse aanduiding dat Die Burger met 'n swaar gemoed by sy lesers gaan aanbeveel om hul „offers” vir Brittanje blymoedig te bring omdat hulle dan daardeur Suid-Afrika se belange sou dien!

Ek kan egter nie verstaan waarom Die Burger regstreeks die regering se finansiële beleid ondersteun en darem onregstreeks die nadele daarvan beklemtoon nie. Want dit is presies wat die blad doen.

### *Engelse Stemme?*

Sou die verklaring van die blad se dubbelsinnige houding nie geleë wees in die jag agter Engelse stemme nie? Luister wat skryf die blad.

Enersyds verwyt hy die V.P.: „Die Verenigde Party is in die volksraad gevra of hy dit voorstaan (naamlik, om die Suid-Afrikaanse pond los te maak van sterling.—S.), maar het geen kik laat hoor nie.” Natuurlik sal die Verenigde Party nie kik nie; hy sal eerder stik voordat hy so 'n beleid sal voorstaan.

Andersyds skryf Die Burger dat „as die regering wel sou besluit om van sterling weg te breek, ten einde vir ons pond groter koopkrag te soek, dan sal die Sappe soos twintig jaar gelede agiteer en tekere gaan.” Ek dink hulle sal. En dan sal die Nasionale Party waarskynlik heelwat Engelse stemme verloor.

Dit dwing my om uit te roep:
O Engelse stemme! O Engelse stemme!
Wat so baie vermag . . .


**Beter Tabak ***
**maak Beter Sigarette**



*Waar u ook* **mag wees**

**Kommando**

**Suid-Afrika se** *gewildste* **sigaret**




* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3074

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

**MEUBELS**

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**HORLOSIES EN BRILLE**

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

**MEDISYNE**

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

**GRYSHARE**

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

**Werf Intekenare op**

**DIE O.B.**

Stuur asseblief die O.B. aan (skryf naam en adres in blokletters):

NAAM ....................................................

ADRES ....................................................

★ Bovermelde nuwe leser het self ingeteken op Die O.B.
★ Ek laat Die O.B. op my rekening na bovermelde leser stuur.

(★ Krap uit wat nie van toepassing is nie.)

Tydperk van intekening waarvoor betaal word is .................................... en bedrag wat ingesluit word is £..........:..........s..........d.

Handtekening en adres van afsender:

....................................................

....................................................

....................................................

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**
Voeg asseblief kommissie by plattelandse tjek.

# O.B. SE TAAK WAG NOG OP VERVULLING

**Mnr. J. H. Gouws, Groblershoop, skryf: Die onverdiende venyn waarmee Die Vaderland nou skielik op die Ossewabrandwag losgetrek het, het ek allermins van daardie blad verwag. Dit bewys egter een feit, naamlik dat die hoë lof wat die O.B. by talle geleenthede by monde van sy leier uitgespreek het teenoor Die Vaderland, vir die blad se goedgesindheid teenoor die O.B. en vir sy matigheid, ietwat oorbodig was en dat die blad die goeie lof minstens onwaardig was.**

In sy hoofartikelkolomme het die blad heeltemal misgetas met sy misplaasde wysrede oor O.B.-aangeleenthede. Sommige van die blad se stellings is nie alleen foutief nie, maar dit getuig van kwaadwillige venyn. Bowendien plaas die artikel die blad in 'n dom lig omdat dit die blad se oënskynlike onkunde openbaar oor die O.B. se lewensbeskouing en toekomsbeleid.

### TELEURSTELLING

Blykbaar het die niksvermoedende O.B. nie rekening gehou daarmee dat Die Vaderland se beleid van goedgesindheid slegs geleentheidsbeleid was nie. Noudat die voordeel wat daardie „goedgesindheid" die blad sowel as die Afrikanerparty besorg het, ingeoes is, kon die blad waarskynlik die versoeking nie langer weerstaan om te daal tot dieselfde politieke peil wat so waarneembaar eie is aan alle party-beheerde blaaie nie. Skynbaar was dit die talle intekenare op Die Vaderland en die talle takke van die A.P. wat die O.B. besorg het, wat die blad tot matigheid en goedgesindheid gestem het. Die onoordeelkundige venyn wat nou skielik so onverwags opgedis word getuig beslis nie van goeie smaak nie. Dit skep die indruk van opgehoopte gal, gepaard het 'n hele boel teleurstellings, wat na 'n stok gesoek het om die hond mee te slaan.

### „KRISISVERSKYNSEL"

**Indien Die Vaderland se stelling as sou die O.B. 'n krisisverskynsel wees reg is, dan het die krisis sekerlik ontstaan deurdat die politieke partye met hul kortsigtige gejag agter stemme en setels aan besig is om probleme en vraagstukke so te vertroebel dat die heiligste erfenis van geslagte wat kom onherroeplik verlore gaan. Hierdie proses is glad nie gestuit deur die onlangse eenwording van die H.N.P. en A.P. nie. Eerder is die hoop op 'n regse draai hierdeur verydel.**

Die O.B. se taak is baie duidelik opgedra deur die geroep uit alle lae van die volk en dit is konsekwent deur sy hoogste gesag gestel, naamlik om deur middel van staatshervorming aan die onverantwoordelike en roekelose partystelsel die leisels te ontneem sodat die partye se afgrondkoers gestuit kan word.

### HERVORMING

As die O.B. se bestaan dan geregverdig word deur die bestaan van 'n krisis (waarmee ek saamstem) dan is daardie krisis steeds besig om meer en meer akuut te word en is die behoefte aan 'n hervormingsbeweging, soos die O.B., juis op hierdie tydstip groter as ooit tevore. Veral as mens let op die huidige ekonomiese en ander belangrike krisisse. Bowendien voorspel ek dat die behoefte aan die O.B. groter en groter sal word, in dieselfde mate as die teleurstelling met die politieke partye toeneem.

**Miskien beskik Die Vaderland oor genoeg wysheid om in te sien dat die O.B. se groot taak dus nog op vervulling wag. En dat die volk die O.B. sal help om sy doel te bereik namate hulle bewus word dat die enigste hoop om aan die nageslag hul Godgegewe erfenis te besorg geleë is in die vervulling van die O.B. se taak.**

### OPKOMENDE SON

Ten slotte wil ek Die Vaderland gelykgee dat 'n klein deeltjie (hy sê tien persent) van die volk, die sogenaamde ekstremistiese groep, hulle van die res onderskei deur die opkomende son nie te kan waarneem nie. Ek wil egter die blad daaraan herinner dat voorheen in ons geskiedenis, byvoorbeeld in 1912, daar ook 'n klein deeltjie van die volk was wat die opkomende son van Smuts en Botha nie kon waarneem nie.

**Die Ossewabrandwag sien op die pad van die partystelsel geen opkomende sonne nie — maar slegs donker nagte. En vir sy houding verwag hy geen dank van partyorgane of party-kramers nie, maar wel van die nageslag.**

opregte republikeine, maar ons wil ons O.B.-identiteit behou. Ons O.B.-skap mag ons vir niks ter wêreld prysgee nie.

Daardie klousule van die Nasionale Party — wat my slegs toelaat om lid van die party te word as ek nie aan 'n organisasie met 'n politieke strekking, soos die Ossewabrandwag is, behoort nie — kan ek nie onderteken of onderskryf nie.

Dit staan my as O.B.-lid nog altyd vry om te stem vir my naasbestaande Afrikaner.

Ek hoop u sal vir ons baie doen in die Nasionale Party, maar ek is bevrees dat u nie die geleentheid daartoe sal kry nie. Ek sê dit op grond van die verlede. Alles van die beste.

Lank lewe die Ossewabrandwag!

## PARTYPOLITIEK SE SIRKELLOOP IS VOLTOOI

**Mnr. P. C. Kruger, Blinkwater, Pk. Stoffberg, skryf:**

In 1907 het Karl Trichardt geprotesteer teen die partypolitiek. In 1932 het 'n klompie mense ook begin protesteer. Hulle het egter oënskynlik 'n skyndood gesterf. In 1938 het die Ossewabrandwag ontstaan wat die partypolitiek verwerp het. Daarna ook die Nuwe Orde.

Die Smuts- en die Malanseksies het hulle uiterste bes gedoen om die idee te onderdruk. En nou onlangs met die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. het hulle veronderstel dat die anti-partypolitieke groep nou vir eens en altyd onderdruk is. Maar nou word die groep uit 'n onverwagte oord versterk, naamlik deur 'n groep Engelssprekendes wat hulleself Die Seuns van Suid-Afrika noem. Gevolglik, toe die partyleiers dink dat die groep doodgemaak is, blyk hy sterker te wees as ooit tevore.

**Die anti-partypolitieke groep het met een man begin en vandag tel die groep duisende. In plaas van dood te gaan is die boompie aan die groei. Stadig maar seker. Dit kan ook nie anders nie want vanaf ongeveer 1915 is die nasie besig met staatshervorming.**

**Partypolitiek het sy sirkelloop voltooi en sy tyd uitgedien. Nou is hy besig om sy aandskof te ry.**

In die tydperk van veertig jaar — toe die partypolitiek hoogty gevier het — kon hy die kleurvraagstuk in Suid-Afrika nie oplos nie. Inteendeel, elke partyregering wat ons gehad het, het sy deel gedoen om die vraagstuk al meer onoplosbaar te maak. Aan praat het dit nooit ontbreek nie. Maar ons tyd is te kosbaar om dit te vermors met hoogdrawende toesprake. Ons het manne en organisasies nodig van durf en doen.

## DANK AAN DR. V. RENSBURG

**Mnr. P. H. van Rooyen (Kommandant), Darlingstraat, Aberdeen, skryf:**

Hiermee wil ek ons gewese K.G. bedank vir die jare wat hy ons gelei het. Dankie, dr. Van Rensburg. U het my sterk gemaak om te volhard in die stryd.

U het ons O.B.-lede geleer om egte Suid-Afrikaners te wees en te bly; om nie af te sien van ons tradisies en beginsels nie; en om nie te meng met die partypolitiek nie. Ons wil graag saamwerk met alle

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Weer 'n Krisis in Frankryk

**Frankryk beleef tans sy sewentiende regeringskrisis sedert die einde van die oorlog.**

Die huidige krisis is veroorsaak deur die bedanking van Edgar Faure se regering, wat verslaan is oor 'n voorstel om belastings te verhoog; nadat hy slegs 'n maand aan bewind was.

Die Faure-regering wou belastings verhoog om Frankryk se bydrae tot die Europese leër te finansieer. Aangesien die regering oor die saak verslaan is het die sewentiende krisis (anders as die vorige sestien) internasionale betekenis in die sin dat dit Frankryk se lidmaatskap van die Atlantiese Verbond en die daaruitvloeiende verpligtinge, hoofsaaklik ten aansien van die Europese leër, direk beïnvloed.

Allerweë word bespiegel of die krisisse nie miskien die treetjies is wat lei na mag vir genl. De Gaulle nie. Hy is die leier van die Franse volksbeweging — wat meer lede as enige enkele politieke party in die parlement het.

## Tien Jaar Gelede

## VROUE SING WANNEER HUL MANS GEVANG WORD

**Op 4 Maart 1942 het Die O.B. geskryf: „Volgens berig in die pers is oor die naweek van 15 Februarie twaalf Afrikaners in Vryburg deur die polisie in hegtenis geneem. Onder hulle is talle boere asook 'n generaal van die Ossewabrandwag.**

**„Meeste van die inhegtenisnemings het die Sondag plaasgevind.**

**„Maandagoggend het die vroue van die gevangenes op 'n vragwa wat met vlae versier was deur die strate gery en Afrikaanse volksliedere gesing.**

„Die optrede van hierdie brawe vroue laat 'n mens terugdink aan die dae van die Tweede Vryheidsoorlog toe die geesdrif van die vroue dit vir die Engelse naderhand onmoontlik gemaak het om die mans in Kaapland in hegtenis te neem."

In dieselfde uitgawe het Die O.B. 'n verslag gepubliseer van 'n toespraak wat genl. J. D. Jerling op Springs gehou het. Hy het o.a. gesê:

### SONDER KLAG

„In die gevangenis word tans nagenoeg 200 persone aangehou. Geen klag is teen hulle opgestel nie en baie van hulle weet nie eens waarvoor hulle aangehou word nie.

„Elke oggend ontvang hulle 'n stuk droë mieliepap, sonder melk of suiker, met of sonder 'n beker swart koffie. Smiddags ontvang hulle sleggekookte aartappels en vleis wat oneetbaar is. Saans kry hulle 'n gebrou wat bestaan uit mieliemeel en semels en tweemaal per dag kry hulle droë beskuit.

„Genl. Jerling het verklaar dat hy sy inligting uit die betroubaarste bron het en dat die departement van justisie dit nie sal durf ontken nie."

# SOWJET WIL WESTE IN ASIË UITPUT

(Van Ons Amerikaanse Korrespondent)

**'n Amptelike berig wat op 9 Januarie 1952 deur Washington uitgereik is, was so vaag bewoord dat die meeste volkere feitlik niks geweet het omtrent die nuwe offers wat hulle leiers van hulle verwag nie. Twee punte was egter duidelik: (1) Die twee Angelsaksiese moondhede wil 'n noue, Angelsaksiese gemeenskap, die „Atlantiese Gemeenskap," vorm, waarby Wes-Europa die rol van 'n brughoof speel sonder dat Wes-Europa verenig word. (2) Die Angelsaksiese moondhede is daarvan bewus en is dit eens dat die volgende optrede teen die wêreldkommunisme weer in die Verre Ooste plaasvind.**

Die eerste punt word nie nou behandel nie, maar spreek duidelik uit twee plekke van die amptelike berig, nl.: „En die slotsin van die berig onderstreep die voorneme van die Angelsaksiese moondhede met die woorde: 'Ons is vasbeslote om 'n Atlantiese gemeenskap te vorm, nie vir die teenswoordige taak van verdediging nie, maar as iets wat steeds verder ontwikkel.' "

Dit is 'n klap in die gesig vir Adenauer en Schumann.

Die ander punt is die **verkondiging van die volgende Koreaanse oorlog.** Ook hier is dit dienlik om die betrokke sinne van die amptelike kennisgewing weer te gee: „Ons het die talryke probleme bespreek waarmee ons twee lande in die Verre Ooste te kampe het.

„Ons het ooreengestem dat ons verskillende opvattings in verband met Sjina ondergeskik staan aan die dringende kommunistiese gevaar in daardie gebiede . . . Ons is bly daaroor dat die Stafhoofde van Amerika, Engeland en Frankryk binnekort 'n gemeenskaplike konferensie sal hou om spesiale maatreëls te oorweeg om die veiligheid van Suidoos-Asië te waarborg."

## ROOI INVAL DREIG

Kort nadat hierdie woorde uitgespreek is, het die konferensie van die drie stafhoofde van die Westerse moondhede plaasgevind in Washington, waaroor die „N.Y. Herald Tribune" soos volg skryf: „Die Franse regering het die V.S.A. offisieel gewaarsku dat 'n inval in Indo-Sjina, soos reeds gemeld, deur die Sjinese kommuniste geplan is. Die Franse het tegelykertyd onoffisieel direkte Amerikaanse hulp, insluitende land-, see- en lugstrydkragte, vir so 'n moontlikheid verlang. 'n Situasie vol gevaar ontwikkel in Indo-Sjina."

Engeland het, luidens die Amerikaanse pers, daarop gewys dat die situasie in Birma veel gevaarliker is, aangesien teenoor die Sjinese troepe wat aan die grens staan, geen georganiseerde strydkragte opgestel is nie, en die politieke selfstandigheid van Birma sluit uit dat Europese troepe sonder meer daarheen kan gaan. Engeland het verder daarop gewys dat die opstand in Maleia die stuur van Engelse troepe na Indo-Sjina onmoontlik maak.

Dit maak nie saak waar die gevaar groter is nie; die feit bly dat Suidoos-Asië (Birma, Siam en Indo-Sjina) die kritieke punte is in die reeds lank agterstallige tweede bedryf van die oorlog in Asië; die oorlog wat met Sjina begin het, met Korea voortgesit en met Birma en Indo-Sjina nog lank nie beeindig word nie.

Hier behoort mens jou af te vra hoe die posisie in Korea op die oomblik lyk en hoe dit môre sal lyk. Dáár word die in die geskiedenis tot dusver ongekende skouspel geopenbaar dat sedert amper 7 maande „besprekings omtrent die agenda vir 'n wapenstilstand-konferensie" gehou word, waar die Kommuniste as oorwinnaars verskyn.

## SLUWE SET

Instede van persoonlike menings, laat ons die „U.S. News and World Report" spreek, 'n Washingtonse blad wat in noue voeling met die Pentagon staan: „Die Kommuniste het die wapenstilstand nodig om hulle kragte te versamel en veral om hulle vliegvelde in Noord-Korea te installeer en om tenks te voorsien. Die hele idee is 'n kommunistiese skaakstoot. Indien 'n wapenstilstand werklik tot stand kom, sal dit algemeen as 'n kommunistiese oorwinning beskou word," aldus die uitgawe van 14.12.51.

„Deur middel van 'n wapenstilstand sou die Sjinese kommuniste baie prestige dwarsdeur Asië wen—hulle kan sê dat hulle die magtige Amerikaanse leër tot stilstand gedwing het," aldus die uitgawe van 4.1.52.

Die „New York Times" wys op 11 Januarie op 'n ander punt, wanneer dit skryf: „Die V.V.O.-afgevaardigdes in Panmunjon het verklaar dat die kommuniste slegs krygsgevangenes sou uitruil op 'n basis wat aan hulle 'n toename aan militêre sterkte vir die hervatting van vyandighede sou verseker." En die blad wys daarop dat meer as 132,000 kommunistiese gevangenes in Amerikaanse hande is, terwyl die Kommuniste slegs 11,000 gevangenes vir uitruiling aangemeld het."

## RUSSIESE DOEL

**Dus: As die „Tweede Koreaanse Oorlog" in Indo-Sjina uitbreek, beteken dit glad nie dat daardeur die oorlog in Korea sal ophou nie; inteendeel, dit is juis Moskou se krygslis om die strydkrag van die Westerse moondhede in talryke klein enkel-oorloë uitmekaar te hou, en die magte finansieel en militêr te verswak sonder dat een enkele Russiese soldaat naby die front kom, voordat die laaste bedryf begin. Eers wanneer die Westerse moondhede deur die verenkelde oorloë verswak is — en Rusland beskik nog oor 'n halfdosyn ander moontlike plekke geskik vir oorlog, geleë tussen Japan en Duitsland — alleen dan sal die mag van Rusland self die beslissende hou slaan. Dit is reeds by die uitbreek van die Koreaanse oorlog voorspel.**

Wat sal en kan die Westerse moondhede hierteen doen? As bogenoemde artikel in die „N.Y. Herald Tribune" 'n aanduiding is, dan weet hulle dit self nog nie! Die blad skryf: „Die Amerikaanse generale staf is onder alle omstandighede eenparig daarteen dat Amerikaanse troepe in Indo-Sjina weer ingegooi word. Hieruit spruit 'n onoplosbare dilemma: Amerikaanse troepe mag nie gebruik word nie; Franse troepe is te swak; maar Indo-Sjina en Suidoos-Asië mag nie verloor word nie!"

## DUITSE TROEPE

Die leiers in Washington en Londen soek 'n uitweg — deur die V.V.O.: Dáár is onder die druk van die Westerse moondhede 'n besluit geneem waarvolgens die gesamentlike vergadering en nie net die Veiligheidsraad nie, geregtig is om troepe van die „Streeksveiligheidsbond" orals te gebruik waar 'n aanval dreig of plaasgevind het. Met ander woorde: **Troepe van die Eisenhower-leër kan en sal deur middel van 'n meerderheidsbesluit van die V.V.O. se algemene vergadering na Indo-Sjina of Birma of Egipte of Morokko gestuur word.**

In hierdie lig word dit duidelik waarom die Westerse moondhede aandring op die lewering van „Duitse kontingente" wat nie aan die politieke leiding van Duitsland onderworpe is nie: Soos eens die Keurvors van Kassel sy „Hesse" as kanonvoer na die vere Amerika gelewer het, net so moet die Kanselier van Bonn vandag sy Wes-Duitsers as kanonvoer na die Verre Ooste lewer. Hierby moet mens die sluheid bewonder, wat aan die Wes-Duitse regering alle reg ontsê om enige seggenskap uit te oefen oor die gebruik van sulke „Hesse" aangesien laasgenoemde aan geen politieke organisasie behoort nie!

As dit werklik die doel van die Westerse moondhede is, dan kan vandag reeds gesê word dat die Tweede Koreaanse Oorlog met 'n veel meer openbare en katastrofale mislukking sal eindig as die eerste. Die wêreldgevaar van die Kommunistiese imperialisme kan slegs oorwin word deur 'n eerlike, werklik gelykstaande front van vryheid en regverdigheid.

# Britte het ook A-Bom

**Mnr. Churchill het die parlement meegedeel dat Brittanje ook 'n atoombom besit. En dat die land bowendien oor die nodige toerusting beskik om gereeld atoombomme te vervaardig. Hy het gesê dat die vorige regering verantwoordelik is daarvoor; dit is tot hulle krediet.**

Hy het egter die Attlee-regering verwyt dat hulle die feit geheim gehou het — en dat hulle boonop vir hom (Churchill) 'n oorlogmaker genoem het terwyl hulle reeds die atoombom vervaardig het.

Brittanje sal eksperimentele atoombomontploffings in die uitgestrekte woestyngebiede van Australië uitvoer.

# REPUBLIEK MOET REGTE INHOUD HÊ

**Mnr. Pirow skryf in sy Nuusbrief dat goed verstaan moet word wat die republiek vir die Gesuiwerde politikus is, naamlik presies dieselfde as die Union Jack vir die Sappe. „In beide gevalle het ons te doen met 'n handige middel om sentiment op te sweep as die betrokke politieke party met sy ander beleid vasbrand. Hierdie spulletjie is nou al vir tientalle jare aan die gang, maar die publiek laat hom nog steeds ewe gretig mislei."**

„Wyle Tielman Roos het dertig jaar gelede die spot gedryf met die Superjingo wat na 'n vergadering van die Sap-hoofbestuur in 'n Amerikaanse kar ry, met 'n Union Jack wat in Duitsland gemaak is en met 'n naturelle drywer langs hom om daardie nie-Britse kar te bestuur. **Vandag sou hy hom ewe bytend kon uitlaat oor die Republikeine wat Indië gesoebat het om binne die Ryk te bly, wat die Koning na die Unie uitnooi en wat ons goudreserwes op die altaar van sterling gaan opoffer. By nadere ondersoek, sou hy waarskynlik kon vasstel dat die veelgeprese Republiek 'n Koelierepubliek binne die Britse Ryk is.**

## INHOUD

„Ons glo aan 'n republikeinse regeringsvorm en ons glo aan 'n Suid-Afrikaanse Staat wat sy volle soewereiniteit eers buite die Britse Ryk sal kan ontplooi. Maar ons glo nog baie meer aan die inhoud van 'n Staat as aan sy vorm.

„De Valera het opsetlik jare lank binne die Britse Ryk gebly om die moontlike vereniging van Noord- en Suid-Ierland nie finaal uit te skakel nie. Sy teenstanders, wat beter Republikeine wou wees, het hierdie ideaal vernietig deur die band tussen hulle en Brittanje finaal af te sny. Origens het hierdie stap nòg vir die binnelandse nòg vir die buitelandse beleid van Ierland die geringste verandering of verskil beteken. Trouens, dit was onder De Valera en as gedeelte van die Britse Ryk dat Ierland gedurende die oorlog sy neutraliteit so noukeurig gehandhaaf het, en dit was die Eerste Minister van daardie selfde Ierland wat aan die Duitse Gesantskap 'n roubesoek gebring het toe Hitler selfmoord gepleeg het.

## HERVORMING

„Nouja, om terug te kom na ons mening: Ons het geen sin in wat dr. Van Rensburg eenkeer — verkeerdelik — genoem het 'n Sammy Marks-republiek; m.a.w. 'n Republiek waar dieselfde elemente wat vandag so weelderig floreer ook weer die toon sal aangee nie.

**„Ons het natuurlik nog minder begeerte na 'n skyn republiek binne die Britse Ryk soos Indië dit vandag daarstel. Ons sal werk vir 'n Republiek buite die Ryk, maar ons sal oneindig harder werk om Suid-Afrika eers 'n ander administratiewe, wetgewende en ekonomiese stelsel te gee. As die Republiek dan kom, sal hy 'n inhoud hê en nie net 'n veranderde Regeringsvorm daar stel nie.**

„Ons is ook vas oortuig dat die Engelssprekendes wat in hulle eie belang gereed is om 'n nuwe stelsel — die Nuwe Ordestelsel — te ondersteun, baie makliker tot Republikanisme bekeer sal word. Wyle dr. Jan Visser het met geleentheid verklaar dat die Sappe van hulle vlag 'n eleksie-vatdoek gemaak het. Die Gesuiwerdes is besig om die ideaal van die Republiek op soortgelyke wyse te verneder. Ons sal aangaan om te veg vir 'n Republiek maar vir die regte soort Republiek."

# Europese Leër

Die veertien ledelande van die Noord-Atlantiese Verbond, wie se verteenwoordigers verlede week in Lissabon vergader het, het ooreengekom om vanjaar sowat vyftig divisies, vir diens te velde, en vierduisend vegvliegtuie, te voorsien aan die Wes-Europese opperbevel. Daarby is sterk vlootmagte inbegrepe.


**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

**NET 'N PAAR ITEMS**

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# Bou Die Breë Volkseenheid

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

**as Opposisieleier in Januarie 1942 tydens die Smutsbewind gedoen het, nl. dat die Regering 'n Republiek verklaar, want nou is hy mos aan bewind en kan dit nou self doen.**

Ons het die reg, selfs die vrymoedigheid hom met hierdie versoek te nader op grond van ons ooreenkoms die jaar tevore dat beide Nasionale Party en Ossewabrandwag hul organisasies rig op die verwesentliking van 'n Christelik-Nasionale Republiek o o r e e n k o m s t i g die grondbeginsels vervat in die Ontwerp-Grondwet.

Die O.B. staan nog by die ooreenkoms bereid om te help met enige middel op enige manier wat die omstandighede mag vereis.

**PARTY ONTWYK REPUBLIEK**

Maar gebeurtenisse soos die jongste Empaaierkonferensies; die wyse van uitroeping van Elizabeth II van Engeland tot soewerein van die Koninkryk Suid-Afrika en die aanvaarding van die beginsel van die republiek binne die Empaaier se Statebond met een Hoof nl. dieselfde soewerein; en veral dat die Nasionale Party-regering geen republiek sal stig nie aangesien die republiek, buitekant die party, langs die weg van die breëre volkswil verkry moet word — dit alles bewys dat u en ek nou nie langer 'n Republiek van 'n Party moet verwag nie. Diegene wat so gedink het, het helaas, dwaalligte vir sterre aangesien!

**Maar hierdie bekendmaking is ook terselfdertyd 'n erkenning dat werklik breër volkseenheid vir daardie doel dus nie binne 'n party-organisasie gesoek moet word nie; — dat breër volkseenheid slegs buitekant 'n politieke party verkry kan word. Watter ontnugtering vir die talryke republikeine binne daardie party as hulle eers die betekenis, die implikasie van daardie uitspraak begryp!**

**Maar is dit dan ook nie 'n bewys van ons standpunt dat daar 'n breër volksfront bestaan of moet bestaan as slegs een saamgesmelte Party nie? Is dit dan nie ook 'n bewys van die noodsaaklikheid van die bestaan van 'n volksbeweging soos onder andere deur die Ossewabrandwag nagestrewe word nie?**

**GROOTRAAD WAS REG**

Die leier van die Nasionale Party self wys, en tereg ook, ons 'n wyer ruimte aan — die breëre volkswil waardeur ons die republiek moet gaan soek. Is hierdie openbaring nie die bewys dat die Grootraad van die O.B. weer reg was in sy besluit oor die uitbouing tot 'n breër nie-partypolitieke front nie? Wat op die terrein van die volkspolitiek — nie die partypolitiek nie — sal beweeg.

Dit is na daardie terrein, die groot terrein van volkspolitiek wat ons nog voortdurend alle Afrikaners in hulle partye tot grotere volkseenheid roep as wat en partikuliere partyorganisasie, kan aanbied. Die volkspolitieke terrein is die terrein waarop volksorganisasies aanvullend langs mekaar kan staan.

**Maar bewys die Eerste Minister se verklaring dan nie ook die bewering nie dat aansluiting en lidmaatskap van 'n eksklusiewe party die deur, nie alleen vir die Republiek sluit nie, maar ook vir die grotere volkseenheid** waarvoor u en ek ons as brandwagte beywer?

**VRAE**

Ek stel hierdie vrae in alle erns want die volk wil weet:

● Waarom moet ek dan my taak as lid van die volksbeweging wat grotere volkseenheid soek nou gaan verruil vir een van lidmaatskap van 'n politieke party met beperkte lewensruimte vir die volk?

● Waarom moet ek dan 'n breëre volkstrydterrein, die wat nog alleen 'n republiek kan bring, gaan vernou en beperk tot die van 'n eksklusiewe partyterrein wat nie eens tot ons republiekwording kan reik nie?



MNR. J. A. SMITH

● Waarom moet ek dan nog na die versekering van die Hoofleier van die nuwe party, aangaande die onmag van 'n party, binne in partydiens gaan staan gebonde om niks in stryd met die beleid en vermoë van die party te doen of te verkondig nie? (As lid van die party mag ek buite die party aan niks met 'n politieke strekking deelneem nie.)

**Noudat erken word dat die party onmagtig is om die republiek te bring, moet ons des te meer die skepping van die breëre front deur die Grootraad aan ons opgedra by die volk aanbeveel. Ek beskou hierdie voorstel van die Grootraad as die vernaamste en allerbelangrikste praktiese stap en aksie tot die Republiek, wat nog deur enige organisasie gedoen is. Laat ons uitvoering daaraan gee.**

**GEMEENSKAPLIKE STREWE**

Wat betref eenheid, volkseenheid, in die sin en betekenis van samewerking van verskillende selfstandige volksorganisasies kan dit tog immer nooit sonder die grondslag ook van 'n gemeenskaplike ideologie bereik word nie. Dit is ons taak om meer as ooit gemeenskaplik daardie ideologie te verkondig ten einde algemene samewerking te verkry.

**Daarom vra ons die party om duidelik sy ideologiese strewe te verklaar.** Op grondslag van 'n gemeenskaplike strewe kan ons sonder oorwegings van eie voordeel of wins gesamentlik die stryd aanknoop vir die toepassing van die kernbeginsels ter omverwerping van die huidige volkskadelike liberalistiese Britse parlementêre stelsel en vir die bepaling van 'n duidelike grondslag vir ons volk se bestaanslewe op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied.

Saam kan ons dan volle speling vir die dinamiese selfontplooiing van die ware christelik-nasionale lewe soek en vind.

**PARLEMENTÊRE TERREIN**

Ons is nie geïnteresseerd in terreine van die stryd nie, maar wel in die beginsels waaroor die stryd gaan.

## Genl. Smith se Oproep

Omdat die O.B. — ten spyte van die Nasionale Party se stryd teen hom — tog gevoel het dat daardie party op die parlementêre terrein die stryd vir die Afrikanerbeginsels voer, was die O.B. gewillig en het hy dit uitdruklik verklaar dat hy die stryd op die parlementêre terrein aan die party sou oorlaat.

Weens die sogenaamde verbritsing van die party se leiding sedert hulle aan bewind gekom het, word die republikeinse stryd nie langer op die parlementêre terrein gevoer nie. Op daardie terrein word daar trouens geen stryd meer vir die republiek gevoer nie.

Daarom Afrikaners, brandwagte van wat ons volk heilig is, laat ons vanaand hier by hernuwing onsself wy tot grotere, ernstiger en yweriger nasiediens in en deur die Ossewabrandwag.

**HELP DAN MEE**

Ek rig my tot alle republikeinsgesinde Afrikaners vanaand en vra u in alle erns en welmenendheid:

● As u waaragtig en in alle opregtheid stry vir hierdie volksaak;

● As u hart en siel aanvaar en nastrewe algehele verwerping van die volkskadelike dinge op politieke en maatskaplike gebied;

● As u uself en u organisasie wil inspan om te veg vir die herstel van etiese waardes in ons openbare volkslewe, morele oorwegings in die verhouding van Afrikaner tot Afrikaner en van regering tot die volk;

● As u waaragtig voel vir en strewe na die verheffing van die volk tot die hoogste nasiediens, samesnoering van die Afrikanervolk tot 'n kragkern, 'n absolute organiese eenheid;

● As u uself beywer vir 'n nuwe gesonde maatskaplike, ekonomiese en politieke orde gegrond op reg, fatsoenlikheid en eerlikheid in die politieke en openbare lewe;

**HELP DAN MEE TOT DIE VERWESENLIKING VAN DIE IDEAAL VAN 'N CHRISTELIK-NASIONALE REPUBLIEK deur te help bou aan die breëre volkseenheid wat daardie republiek moet bring.**

Help steek aan die vryheidsvuur. Laat dit helder en hoog brand op alle heuweltoppe van die vaderland, in alle raadsale van die volk, in alle huise dwarsdeur die land en in alle Afrikanerharte.

Daartoe help ons God van ons Vadere, u en my.

# Prof. Van Rooy

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

**om die republiek binne te laat. Wat weet hulle van die republikeinse verlede? Wat voel hulle vir 'n republikeinse toekoms? En ons wat die voorreg het om nog oortuigde republikeine te wees, swyg? Waarlik, een van die dae begin die stene van die Vroueen van die Voortrekkermonumente teen ons getuig!**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# GESELLIGE FEES OP ROBERTSON

**Verlede Vrydagaand het die Robertson kommando 'n baie aangename en geslaagde Vryheidsfees gehou op die plaas Vinkrivier van mnr. Philip du Plessis. Die aanwesiges het op die werf onder 'n pragtige ou eikeboom bymekaar gekom.**

**Mnr. J. A. Smith, waarnemende O.B.-leier en mnr. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, het as sprekers opgetree. Mnr. Gawie Marais, kommandant, was in die voorsitterstoel. Genl. W. de V. Rabie het die sprekers bedank en genl. Smith 'n suksesvolle ampstyd toegewens.**

Die vroue van die Kommando het gesorg vir heerlike geregte. Daar was geurige boerewors, frikadelle, aartappels, tamaties, vye, waatlemoen en alles wat die maag maar kan begeer.

**GENIET**

Almal het baie gesellig onder mekaar verkeer, en die geleentheid ten volle geniet.

Die Boerejeug, onder leiding van Veldkornet Rossouw, het eers die brandende fakkel om die vuurstapel aan te steek aan genl. Smith oorhandig en daarna in 'n wye kring om die vuur gestaan. Toe het die aanwesiges om die vuur gestap, hul stompie op die vuur gegooi, en terwyl hulle in die vlamme gekyk het, het genl. Smith kortliks gepraat oor die simboliese betekenis van die vryheidsvuur.

Daarna het elkeen 'n bedraggie in die republikeinse kissie gestort — op die wyse is £8 ingesamel.

offers in die republikeinse kissie gestort. £40 is op die wyse gegee.

Genl. Max Smuts het die Vryheidsgelofte voorgelees.

Mnr. J. de V. Truter was die generaal-in-bevel wat die aanwesiges welkom geheet en die verrigtinge gelei het. 'n Groot teleurstelling was dat dr. F. D. du Toit van Zyl, Kaaplandse leier, weens omstandighede buite sy beheer nie aanwesig kon wees om sy toespraak te lewer nie. Mnr. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, het in sy plek opgetree.

**FEESSTEMMING**

Eerw. Du Toit het die verrigtinge met 'n mooi gebed geopen; die skare het telkemale gesamentlik volksliedere gesing waardeur die feesstemming verhoog is; mej. Tredoux het voordragte gelewer wat almal baie geniet het omdat sy dit meesterlik uitgevoer het. Sy het ook een van oom Pieter Brink van Stellenbosch se gediggies — Oor die O.B.-leiding — voorgedra.

'n Reuse waatlemoen wat deur die Robertsonse fees (van die vorige aand) geskenk is (en wat terloops deur twee Kaapstadse wagte gedra moes word) is vir £3 verkoop. Die Kapenaars sê, dankie Robertson.

**SUKSESVOL**

Soos gewoonlik het die vroue weer reggestaan om vir die inwendige mens te sorg. En van ses-uur tot agt-uur toe die feesverrigtinge begin het was dit 'n gewoel by die koffie- en kostente en by die vure waar die vleis gebraai is.

Generaals Truter en J. A. Strauss wil hulle hartlike dank en waardering uitspreek teenoor almal — die sprekers; veraamlik die vroue; die wagte en natuurlik die Boerejeug sowel as die aanwesiges — wat gehelp het om die fees suksesvol en aangenaam te maak.

# Skiereiland se Fees

**Die gesellige verrigtinge van die Vryheidsfees van die Skiereilandse kommando's is onder die bome in 'n laagte op die plaas Loevenstein van mnr. J. Duminy gehou. Toe die vuur sou aangesteek word het die seuns en dogters van die Boerejeug, met brandende fakkels, langs die hange van die heuwel en deur die kloof na die brandstapel aangestap gekom. Dit was 'n aanskoulike aantog. Die waarnemende leier het die stapel brandgesteek met 'n Boerejeugfakkel en die aanwesiges het elkeen 'n stompie hout op die vuur gewerp en daarna hul**

**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer U in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste*    *Ons diens—die beste*

**O.B.-LYDENBURG**

**AMAJUBA - FEES**

*word gehou*

SATERDAG, 8 MAART '52

by Komdt. W. de Bruin

**ROOIDRAAI**

*Kom en geniet heerlike Boeretroos, Boerewors en Sosaties.*

Alles Volop.    Almal Welkom.